BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 MAART 2011 OM 14:05 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE

Rdl D Mbabane	[OD]	:	Speaker
Rdl J Liebenberg	[DA]	:	Uitvoerende Burgemeester
Rdl R Van Rooy	[Onafhanklik]	:	Uitvoerende Onderburgemeester
Rdl A De Vries	[DA]	:	Lid van Burgemeesterskomitee
Rdh P Van Niekerk	[DA]		
Rdh J Raats	[DA]		
Rdl Me E Schreuder	[DA]		
Rdl Me S Crafford	[DA]		
Rdl Me S Lesch	[ANC]		
Rdl J Afrikaner	[ANC]		
Rdl C Karools	[ANC]		
Rdl J Swart	[ANC]		

AMPTENARE:

Me E Liebenberg	:	Munisipale Bestuurder
Mnr J Joubert	:	Direkteur Administratiewe Dienste
Mnr A Willemse	:	Direkteur Tegniese Dienste (wnd)
Mnr J Van Niekerk	:	Direkteur Finansiële Dienste
Mnr D Lambrechts	:	Direkteur Gemeenskapsdienste
Me R Pietersen	:	Strategiese Bestuurder (wnd)
Me H Priem	:	Interne Ouditeur
Mnr J Basson	:	Areabestuurder : Piketberg
Mnr N Scheepers	:	Senior Klerk : Komiteedienste

1. **OPENING EN VERWELKOMING / OPENING AND WELCOME**

Raadslid Karools open die vergadering met gebed en die Uitvoerende Burgemeester neem die skriflesing waar.

Hierna verwelkom die Voorsitter almal by die vergadering.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / APPLICATIONS FOR LEAVE OF ABSENCE (3/3/1/4)**

Raadslid R De Villiers

3. **VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE PARAGRAAF 5 VAN SKEDULE 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE) / DISCLOSURE OF INTEREST IN TERMS OF PARAGRAPH 5 OF SCHEDULE 1 & 2 (CODE OF CONDUCT FOR COUNCILLORS AND OFFICIALS) (3/3/1/6)**

- Geen / None

4. **BEKRAGTIGING VAN NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS / CONFIRMATION OF MINUTES OF PREVIOUS MEETINGS (3/3/2/2)**

4.1.1 **NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 NOVEMBER 2010**

RB 919 **BESLUIT**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Dinsdag 30 November 2010, bekragtig word.

4.1.2 **NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 13 DESEMBER 2010 (3/3/2/2)**

RB 920 **BESLUIT**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Maandag 13 Desember 2010, bekragtig word.

4.1.3 **NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 27 JANUARIE 2011 (3/3/2/2)**

RB 921 **BESLUIT**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Donderdag 27 Januarie 2011, bekragtig word.

4.1.4 **NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 8 FEBRUARIE 2011 (3/3/2/2)**

RB 922 **BESLUIT**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Dinsdag 8 Februarie 2011, bekragtig word.

4.1.5 **NOTULE VAN DIE GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP MAANDAG 28 FEBRUARIE 2011**

RB 923 **BESLUIT**

Dat die notule van die Gewone Raadsvergadering gehou op Maandag 28 Februarie 2011, bekragtig word.

4.1.6 **NOTULE VAN DIE SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 17 MAART 2011 (3/3/2/2)**

RB 924 **BESLUIT**

Dat die notule van die Spesiale Raadsvergadering gehou op Donderdag 17 Maart 2011, bekragtig word.

4.2 **BESPREKING VAN NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS / DISCUSSION OF THE MINUTES OF THE PREVIOUS MEETINGS (3/3/2/2)**

4.2.1 **BIODIVERSITEITSWERKSWINKEL : TERUGVOERING (11/3/4)**

Raadslid Swart meld dat die verslag deur die Munisipale Bestuurder met betrekking tot die biodiversiteitswerkswinkel lank uitstaande is, waarop die Munisipale Bestuurder noem dat die verslag in die finale stadium is, maar dat sekerheid met betrekking tot enkele uitgawes nog vasgestel moet word.

KENNIS GENEEM

4.2.2 **AFWESIGHEID VAN RAADSLEDE BY KOMITEES- EN RAADSVERGADERINGS (3/3/1/4)**

Raadslid Me Schreuder verwys na die vorige raadsbesluit, naamlik dat die Voorsitter ‘n skriftelike verslag met betrekking tot die afwesigheid van raadslede by komitees- en raadsvergaderings aan die raad voorlê.

Die Voorsitter meld dat die verslag in ‘n gevorderde stadium is en sal eersdaags aan alle raadslede beskikbaar gestel word; al sou dit beteken dat ‘n spesiale raadsvergadering hiervoor geskeduleer moet word.

RB 925 **BESLUIT**

Dat ‘n Spesiale Raadsvergadering geskeduleer word met betrekking tot die oorweging van die afwesigheid van raadslede by komitee- en raadsvergaderings, binne die termyn van die huidige raad.

4.2.3 **MOSIES/VRAE / QUESTIONS/MOTIONS (3/3/1/1; 3/3/1/2)**

Raadslid Swart versoek dat die Munisipale Bestuurder die klousule in die Munisipale Stelselswet aan die raad voorhou, naamlik: dat die reëling van die Voorsitter ongeldig is rakende die hantering van mosie/vrae.

KENNIS GENEEM

Die vergadering verdaag om 15:00 en hervat om 15:10.

5. **VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR VOORSITTER / DECLARATIONS / ANNOUNCEMENTS BY THE CHAIRPERSON (3/3/1/6; 11/3/4)**

- Geen / None

6. **ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS / INTERVIEWS WITH DELEGATIONS (3/3/1/5)**

6.1 **OORSIGVERSLAG VIR DIE FINANSIËLE JAAR 2009/2010 (9/1/2)**
(Die verslag word in die vergadering ter tafel gelê) – (Bylae A)

Die Voorsitter van die Oorsigkomitee lig spesifieke gebreke uit met betrekking tot die jaarverslag : 2009/2010 en meld dat statistiek progressief op 'n jaar-tot-jaar basis met betrekking tot enige aangeleentheid in die jaarverslag vervat moet word, veral rakende gemeenskapsprojekte.

Voorts meld hy dat goeie vordering gemaak is met betrekking tot Ouditeur-Generaal kwessies, maar dat tegniese versorging van die verslag aandag vereis.

Ten slotte beveel hy aan dat die Oorsigverslag, soos gewysig, deur die raad aanvaar word.

RB 926 **BESLUIT**

Dat die Oorsigverslag vir die finansiële jaar 2009/2010, soos gewysig, aanvaar word.

7. MOSIES / VRAE / MOTIONS / QUESTIONS (3/3/1/1; 3/3/1/2)

- Geen / None

8. DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER URGENT ITEMS / REPORTS FROM THE MUNICIPAL MANAGER (9/1/2)

8.1 **OPNEEM VAN EKSTERNE LENING (5/14/1/3)**
(Die verslag word as 'n dringende item ter tafel gelê - Bylae B)

('n Bykomende verslag wat verband hou met die verslag onder bespreking word in die vergadering beskikbaar gestel) – (Bylae B1)

Die Direkteur Finansiële Dienste gee 'n kort opsomming met betrekking tot die voorafgaande prosesse wat gevolg was rakende die opneem van die eksterne lening, asook skriftelike kommentaar wat hy van Nasionale Tesourie ontvang het en repliek gelewer het.

Voorts meld hy dat geen kommentaar vanaf Provinsiale Tesourie ontvang is nie.

Raadslid De Vries versoek dat die Direkteur Finansiële Dienste ondersoek instel met betrekking tot die moontlike implikasies met verwysing na die kommentaar van Nasionale Tesourie en die raad dienooreenkomstig inlig.

RB 927 **BESLUIT**

1. Dat die raad die volgende eksterne lenings van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA) opneem vir die gedeeltelike finansiering van sy kapitaaluitgawes:

   R 4 040 000.00 oor 20 jaar @ R213 + 270 bp op datum van lening

   R 9 000 000.00 oor 25 jaar @ R209 + 275 bp op datum van lening; en

2. Dat die raad kennis neem van die kommentaar ontvang van Nasioniale Tesourie.

9. AFDELING A: UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE / SECTION A : EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE

9.1 AANBEVELINGS VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

9.1.1 DELEGASIE VAN BEVOEGDHEDE (2/3)

RB 928 **BESLUIT**

Dat die item met betrekking tot die delegasie van bevoegdheid, soos gewysig, oorstaan tot na die verkiesing van die nuwe raad.

9.1.2 JAARVERSLAG : FINANSIËLE JAAR : 2009/2010 (9/1/1)

(Die verslag word in die vergadering ter tafel gelê) – (Bylae C)

RB 929 **BESLUIT**

Dat die finale jaarverslag vir die 2009/2010 finansiële jaar, soos gewysig, goedgekeur word.

9.2 BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS OF THE EXECUTIVE MAYORAL COMMITTEE ACCORDING DELEGATED AUTHORITY AND ITEMS OF WHICH WERE NOTED

9.2.1 NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 17 NOVEMBER 2010

RB 930 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.2 NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 NOVEMBER 2010

RB 931 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.3 NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 13 DESEMBER 2010

RB 932 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.4 **NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 13 JANUARIE 2011**

RB 933 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.5 **NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 27 JANUARIE 2011**

RB 934 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.6 **NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 8 FEBRUARIE 2011**

RB 935 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.7 **NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 15 FEBRUARIE 2011**

RB 936 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

9.2.8 **NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 28 FEBRUARIE 2011**

RB 937 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

10. AFDELING B: IN KOMITEE (VERTROULIK) / SECTION B : IN COMMITTEE (CONFIDENTIAL)

10.1 AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD / RECOMMENDATIONS AND REPORTS TABLED FOR CONSIDERATION BY COUNCIL

10.1.1 DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE : AANSTELLING (4/1/2/3)

Raadslid De Vries stel voor dat die item van die agenda onttrek word, soos gemotiveer by die Spesiale Raadsvergadering gehou op Donderdag 17 Maart 2011.

RB 938 **BESLUIT**

Dat die item met betrekking tot die aanstelling van die Direkteur Tegniese Dienste van die agenda onttrek word.

10.2 BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD / RESOLUTIONS ACCORDING DELEGATED POWERS AND ITEMS OF WHICH COGNISANCE SHOULD BE TAKEN, FOR INFORMATION OF COUNCIL

10.2.1 UITTREKSEL UIT NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 17 NOVEMBER 2010

RB 939 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

10.2.2 UITTREKSEL UIT NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 NOVEMBER 2010

RB 940 **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, soos gelys in die agenda.

DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:10

BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE.

_____ _____

VOORSITTER (SPEAKER) ***DATUM***